ROMEINE 16:19 NG Kerk Miederpark 3/5/09

TEMA: OORWINNING… DIE KRAG VAN GOD! Ds Okkie Cilliers

Volgens Mat 11:28 is dit nie sommer net enigeen wat hemel toe gaan nie, maar net diegene wat hulself kragtig inspan om daar te kom – diegene wat in ‘n verhouding met die Here staan. Maar wat nou van die kere wat ek myself nie inspan nie en behoorlik “droog gemaak” het?

Wat gemaak as ek val? Want mense val! Almal - ook kinders van die Here. Al wat verskil is die diepte waarin geval word. Sommige val en dit pla hulle nie want hulle verstaan nie sonde en verlossing nie. Hulle dink dat die lewe uit reëls bestaan wat die ou mense maak en dat dit ‘n saak van persoonlike voorkeur/afkeur is of by daardie reëls gehou word of nie. Hulle reken die lewe is daar vir hul plesier: vat wat jy kan kry en geniet alles! Solank hulle nie uitgevang word nie, is daar nie regtig iets wat hulle gespanne maak nie.

Dit maak die lewe leeg. Want niks is die moeite werd nie en daar moet altyd na groter en beter dinge gesoek word om die lewe skop te gee. Sulke mense is altyd aan die hardloop na nog iets…

Party mense val diep en oop en bloot voor die oë van ander mense. Dit maak seer, veral as dit ‘n kind van die Here is. Sy val doen Jesus se Naam oneer aan want mense spot en lag hom en die Here uit.

- Voorbeelde daarvan is baie. Ek onthou die seun wat ‘n leiersfiguur in sy kerk was. Toe loop hy ‘n meisie raak en sy kop haak uit. Almal het gesê dat dit nie waar kon wees nie want hy is nie so ‘n mens nie. Hy wou egter na niks luister nie en het toe sommer by die vrou gaan intrek. Die kerk is skaam en verneder en die wêreld lag ons uit: “Julle sogenaamde Christene knyp die kat net so in die donker soos die res…”

Party val net so diep, maar dit gebeur in die alleenheid waar niemand anders dit kan sien nie. Dit maak net so seer, want dit breek ook Jesus se hart. Dis die dinge wat ‘n mens doen waarvan niemand anders weet nie – net jyself en die Here. Dis seker die ergste van almal, want so ‘n mens leef ‘n lewe van wegsteek en voorgee: hy maak asof alles reg is, maar in die private lewe is daar dinge wat ten hemele skree. Dis gewoonlik dinge wat in die hangkas hang en niemand mag daarvan uitvind nie. Wat dit so moelik maak is dat kinders van die Here weet dat hierdie goed verkeerd is en dat hulle dit wil beveg met alles wat hulle het. Hulle het baie goeie voornemens dat hulle staande gaan bly en dat hulle nooit weer dit of dat gaan doen nie.. Net om later op die hoop van die lewe te gaan sit en te erken dat dit nie gewerk het nie en dat hy/sy weer geval het!

Wat dit nog erger maak is dat die Satan presies weet waar ‘n mens se swakplek is en dat hy jou ongenadiglik daarmee slaan. Die vuilgoed laat jy nooit alleen nie en gun jou ook geen oomblik se rus nie.

- Ek onthou die jongman met die stryd teen pornografie. As kind van die Here het hy ‘n weersin in die goed en wil nie… Later oorval die goed hom so dat hy homself glad nie

kan beheer nie. Niemand weet dit nie, hy stry sy stryd en loop met sy baie mislukkings voort. Elke keer is sy val groter as die vorige keer.

Die *gevolge* hiervan is baie en wreed. Die grootste een is **skuldgevoelens**. Want dit waarin jy val bring geen geluk nie. Ja, vir 'n rukkie is dit heerlik om dit te doen omdat dit 'n onwettige avontuur is. Maar na 'n ruk bak dit uit en dinge begin verkeerd loop. Dit kan nie anders nie, want jy het op die terrein van die Satan beweeg en hy het jou soos die spreekwoordelike lemoen uitgesuig en toe weggegooi. Nou weet jy dat jy misluk het en seergemaak het.

Skuldgevoelens is 'n vreeslike ding! Dit druk die lewe stelselmatig uit jou uit: "Wat het ek gedoen… wat het my besiel om hierby betrokke te raak… hoe gaan ek ooit hieruit kom… sal die Here my weer 'n kans gee…?" Jy voel vuil en gebruik. Want jy weet jy het 'n liegstorie geglo toe jy geval het. Dis ook 'n soort vuil wat jy nie kan afwas nie – jy probeer maar die merke bly sit!

'n Ander gevolg is dat mense hul eie val probeer wegsteek deur **ander te kritiseer.** Hulle het min simpatie met ander wat ook geval het. Op hierdie manier steek hulle hul eie leef-in-die-modder weg. Wat die gevallery aan 'n mens se **selfbeeld** doen, is verskriklik. Jongmense glo nie in hulself nie en probeer ander dinge doen om te presteer en hulle goed te laat lyk. Want jy glo nie meer in jouself nie en jy sien jouself met die tyd as 'n mislukking. Jy het soveel keer probeer en misluk; weer en weer! Jy probeer voorgee wat jy nie is nie, maar binne jou weet jy dat dit net "show" is en dat mense reg deur jou gaan sien. Dis vir sulke mense baie maklik om nog 'n tree weg van hulself te gee eb selfmoord te pleeg.

Kinders van die Here val. Dis waar. Maar prys die Here dat dinge nie so stomp eindig nie! Daar is tog hoop en oorwinning!

Daaroor gee die Bybel goeie praktiese riglyne in Rom 16:19-20:

1. Julle moet alles weet van die goeie.

Dadelik kan die vraag gevra word wat die goeie is? Mense maak die antwoord onnodig moeilik deur na allerhande vreemde definisies te gaan soek en hulself uit 'n ding te probeer praat. Die antwoord is eenvoudig: as jy in 'n verhouding met die Here staan en met die Bybel leef sal die Bybel se waarheid in jou kop wees en dit sal jou gedagtes lei.

2. Julle moet niks weet van die slegte nie.

Die slegte dinge is dan die teenoorgestelde van dit wat goed is: dinge wat nie van God kom nie, uit die hel is en daaraan mag nie gedink word nie! Dit is ongelukkig nie so eenvoudig nie.

Want in die **openbaar** kan die ding op 'n manier reggekry word, want niemand kan sien wat binne jou aangaan en waaraan jy dink nie. Al wat jy hoef te doen is om stil te sit en NIKS te doen nie. So

kan jy mense baie maklik bluf deur voor te gee dat jy besig is met die dinge wat van die Here kom. Maar dit weerspieël nie regtig wat binne in jou aan die gang is nie. Mense wat intiem en naby aan jou leef is egter 'n perd van 'n ander kleur, want hulle kyk mettertyd reg deur jou want hulle ken jou. Mense wat buite jou intieme kring leef draai jy maklik 'n rat voor die oë want hulle ken nie die binnekant van jou kop nie: hulle weet nie wat jy dink nie.

- Hy is een van die leiers van die gemeente waar hulle as gesin inskakel. Van sy familie kom klop aan vir hulp omdat dit vrot in hul gesin gaan. Ek was verbaas want in die gemeenskap

  staan hulle bekend as 'n rotsvaste familie. 'n Ander prentjie het hom ontvou – een van woedebuie en agressie, verwyte wat rondgeslinger word en 'n beheptheid met sekere dinge waaroor nie in goeie geselskap gepraat word nie. Buitekant is die skyn bewaar, maar binnekant is daar geleef soos wat hulle dink.

Ja, die hele oorlog tussen God en die bose word in my denke gevoer: die een wat my denke besit is die een wat my lewe besit. Ek val en bly staande nie deur wat ek voel en wat ek doen nie, maar deur dit wat ek WEET. Want my denke beheer my dade, my gevoelens – my hele lewe! Daarom dat die Bybel dit so strek op die hart druk dat God ons denke moet beheer!

Die vraag is onvermydelik: waaraan dink jy die meeste van die tyd? Wat weet jy van die goeie en hoeveel weet jy van die kwaad? Ons probeer onsself uit die situasie wikkel deur te reken dat ons "alle dinge moet beproef" (1 Tes 5:21) sodat ons kan weet hoe die bose lyk en dan kan ons daarvoor nee sê. (Die res van die teks word gerieflikheidshalwe nie aangehaal nie: "Maar bly weg van die bose!") Dis nie in ons aard om ons denke te dissiplineer nie, want dis lekker om met die sonde te speel. Ja, ons soek verskonings!

Waaraan dink jy die meeste van die tyd? Natuurlik sal ons nie daaroor wil praat nie, want dan moet ons die intiemste deel van die lewe oopmaak en daar onsself sien soos wat ons werklik is – en daarvoor sien baie min mense kans. Hier is egter nie uitkomkans nie: wat weet jy van die kwade?

As jy die heeltyd dink aan mense wat jou seergemaak en verneder het, gaan jy 'n agressiewe mens wees wat die heeltyd met ander skoor soek (en gewis die rusie optel waarvoor jy soek!)… As jy gedurig aan seks dink, is dit net 'n kwessie van tyd voordat jou oë gaan dwaal en jy betrokke gaan raak by dinge wat baie ellendes gaan veroorsaak.… As jy die heeltyd aan geld dink is jy aan die ondergaan want of jy bekommer jou dood oor jou armoede of jy is fanaties besig om geld te maak en gou verval jy in 'n lewenswyse waar jy die Here nie vertrou vir jou lewe nie… As jy die heeltyd dink aan ander mense se foute is jy besig om 'n bittergal te word wat met niks tevrede is nie: jy is gou om hulle foute uit te wys en te vertel oor hoe hulle dinge behoort te doen. Jy leef van kritiek en jou gees is swart. Mense leer ook gou om jou te vermy omdat jy so vinnig kan praat en hulle baie seer kan maak… As jy weet hoe slotmasjiene werk en die lotto, is jou dankoffer aan die Here se kerk na alle waarskynlikheid 'n bedrag wat op diefstal neerkom…

Die een voorbeeld kan na die ander genoem word.

Mense wil nie hieroor praat nie, want hulle gaan soek die foute by ander mense se lewe, opvoeding, persoonlikheid en wat ook al. Weinig mense gaan soek die fout by wie hul denke beheer..

- Ja, dit wat jy dink kom uit en dis hoe jy werklik is!

Wat weet jy van die goeie? **Wat weet jy van God?**

Dit is die enigste manier hoe jy staande kan bly in die lewe; dis die enigste manier waarop jy kan opstaan as jy geval het! Want versoekinge en sonde werk met ***gevoelens*** en om staande te bly moet met die ***feite*** van God gewerk word. Die Satan wil jou die heeltyd daarvan bewus maak dat jy (en hy!) in beheer van alles is en dat jy alles kan doen waarvoor jy lus het – niks is buite perke nie. Dis sy beproefde manier van werk en aan 'n formule wat werk word nie verander nie: in Gen 3 het hy dit met die mens gedoen en na die sondeval gaan hy voort om dit vir die mens te leer. Hy het (volgens sy standaarde!) 'n heerlike tyd met die mens! Die tragedie is dat die mens te onnosel is om dit agter te kom, want hy weet te min van God.

"Dink aan die goeie dinge van God.." Hoe doen 'n mens dit?

Deur die Woord van God in jou kop te kry!

"Laat God toe om jou denke te verander…" Hoe doen 'n mens dit?

Deur die Woord van God in jou kop te kry!

- Kyk na Ps 119 wat in sy geheel handel oor die krag van die Woord!

Daar is geen ander uitweg nie: lees en leer die Bybel. Want elke keer as die Satan jou wil troef met 'n gedagte en 'n versoeking wat verseker tot jou val gaan lei, jaag hom weg met die goeie dinge van God wat jy WEET Hy doen.

- As voorbeeld: dinge klop nie met die finansies nie en jy kan nie kop bo water hou nie. 'n Geleentheid kom na jou kant toe wat baie van jou probleme sal oplos. Al wat dit van jou vra is om (effens!) oneerlik te wees – niemand sal dit in elk geval uitvind nie. So begin jy met die bose dinge speel en kort voor lank doen jy wat jy gedink het. Moenie! Dink en sê die Woord. Kyk o.a. na Spreuke 13:11.

Die lank en die kort van alles is eenvoudig: wie ***STILTETYD*** hou en sistematies en gelowig die Here se Woord leer, is die een wat die geveg om sy denke wen en staande bly. Wie dit nie doen nie, is alewig aan die baklei en verwyt omdat hy homself uit die moeilikheid moet hou – sy val is groot!.

Kyk na die beloning daarvan (vers 20):

1. God gee vrede:

Vrede is nie die afwesigheid van moeilikheid nie, maar die teenwoordigheid van God. Ja, waar God teenwoordig is, is daar nie plek vir dinge wat jou denke besoedel en vrede steel nie. Let daarop dat hierdie vrede nie nog verkry moet word nie – DIS REEDS DAAR! Al wat jy moet doen is om dit in jou denke te kry en daarmee gaan leef.

Kom ons maak dit prakties: as jy geval het en jou selfbeeld is aan flarde en skuldgevoelens vreet jou op, is dit tyd dat jy anders daaroor dink. Hou op dink aan dit wat misluk is en dink aan die vrede wat God jou nou gee. Hy belowe mos immers dat Hy die sonde vergewe as jy dit bely en daarmee breek (1 Joh 1:9). Staan op en leef, want God maak nuwe horisonne in genade oop.

As jy die en is wat ander kritiseer en 'n bittergal geword het, as jy die een is wat altyd die laaste sê het, as jy geval het in sonde, as jy… Staan op en leef, want die God wat vrede gee is met jou! Sy woede is aan die kruis afgekoel en Hy is nie meer kwaad vir sy kinders nie.

Bedink dit en leef daarmee!

2. Hy sal die Satan onder julle voete vertrap!

Let daarop dat hierdie nie 'n belofte is wat iewers op 'n planeet of in die hemel voltrek word nie: in my EIE LEEFWêRELD ("onder julle voete") vervul die Here hierdie belofte!

Daar waar ek sukkel om staande te bly omdat die Satan my die heeltyd onder toe trek, kan ek voet neersit en sê "tot hiertoe en nie verder nie!" Die Here het in Gen 3:15 die belofte gegee dat die Satan se kop vermorsel sal word en met sy opstanding het Hy dit gedoen (1 Joh 3:8). Met daardie oorwinning leef ek verder en ek sal nie my ore uitleen vir die gemors van die Satan nie! Ja, in Open 12:8,11 se woorde sal ek in my Jesus se oorwinning vasstaan!

- Is jy een van die wat val en opstaan en wat dit geheim hou omdat ander dit nie mag uitvind nie. Die Here weet daarvan en dis net 'n kwessie van tyd voordat mense dit uitvind. Is jy die een wat in die openbaar geval het en ander nie in die oë kan kyk nie omdat jy skaam is? NEE! Maak dit reg en hoor dat die Here haastig is om jou genadig te wees (Jes 30:18). Trap die Satan se kop nog verder in die grond en dink nie verder aan sy gemors nie. 1 Kor 10:13 staan ook immers nie verniet in die Bybel nie.Jy kan regop kom en so bly!

Bedink dit en doen dit!

3. Die genade van God is by julle.

Dis nie net by my nie maar gewis ook in my (Gal 2:20).

Dit is nog ‘n groter rede om op te staan en nie weer kop te verloor nie. Want dit gee brute krag aan my: Dink net daaraan: Hy wat in my is, is groter as die duiwel wat in die wêreld is (1 Joh 4:4). Die Psalm sê ook dat hierdie genade van die Here my tot in lengte van dae sal volg (23:5).

Hoor dit en bedink dit: die Here het my nog nooit gelos nie en Hy sal dit ook nie nou doen nie. Hy verbind Homself immers per belofte hieraan (Mat 28:19-20).

Aan die begin was die vraag gevra: wat gebeur as ek val? Eintlik is dit ‘n onnodige vraag, want my denke mag nie daarop fokus nie. Die saak waarmee ons ons besig moet hou, is die God wat vrede en genade gee en die Satan onder ons voete vermorsel!

Daarmee bemoedig die Here ons, daarmee moet ons ons denke vul en daarmee sal die Here ons in sy genade dra. So sal ons staande bly.

Amen.